**Woensdag 7 Junie**
**Skrifgedeelte: Handelinge 16:11-15**
**Fokusgedeelte: Handelinge 16:14-15**
**God se beloftes ook vir hulle wat daar ver is**

Hierdie gedeelte uit Handelinge 16 vertel vir ons van die begin van die eerste gemeente in wat ons vandag Europa noem. Paulus se reis van Troas na Filippi was ’n gemaklike en voorspoedige reis. Dit het hulle in staat gestel om ’n paar dae in Filippi te bly. Daar was waarskynlik nie ’n sinagoge in die stad nie, want 10 mans was nodig vir ’n sinagoge en daarom het die Joodse gelowiges, ons lees hier net van vroue, moontlik getroud met Grieke, by ’n bidplek by die rivier vergader.

Teen die sabbat het Paulus-hulle buite die stad na die rivier gegaan. Hulle het vermoed dat daar ’n plek van aanbidding kon wees. Só het hulle dit gevind en hulle het daar met die vroue wat bymekaar was, gesels en die evangelie verkondig – die evangelie wat daarop gemik was om die koms van die Messias in die Persoon van Jesus te verkondig.

Lidia, die purperhandelaar wat uit Tiatire gekom het, was ook deel van die groep. ’n Vrou wat God vereer het. Uit Tiatire was sy van heidense afkoms. Dan gebeur die wonder, die hele Europese kerkgeskiedenis begin met dit wat met ’n vrou wat in Jesus glo, gebeur.

Soos met die doop vir heidene wat die Joodse geloof aanneem, word Lidia se huismense ingesluit toe sy gedoop word as een wat in Jesus glo. Interessant is dat haar kinders waarskynlik ingesluit is en dat dit onmiddellik gebeur het. *“Want die belofte is bedoel vir julle, en ook vir julle kinders, en vir almal daar ver, almal wat die Here ons God na Hom toe roep”* (2:39). Sy nooi Paulus-hulle onmiddellik na haar huis, en so word haar huis die eerste huisgemeente in Europa, een van die mooiste gemeentes waarvan ons lees in die Nuwe Testament.

*Sing: Psalm 89-1:11*
*Ds. MP Fourie (MP) (emeritus)*